**HEROPENING VAN SARS-TAK IN RISSIKSTRAAT, JOHANNESBURG**

**Tshwane, 17 Oktober 2023** - Die Rissikstraattak van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) in Johannesburg, waar 'n brand op 20 September uitgebreek het, sal môre, Woensdag 18 Oktober 2023, heropen.

Die kantoor is deur beide die departemente vir Openbare Werke en Arbeid vir heropening veiligverklaar na deeglike ondersoek om te verseker dat die gebou sy hoofdoel veilig kan vervul.

SARS vra om verskoning vir enige ongerief wat belastingpligtiges en handelaars as gevolg van die toemaak van die kantoor ervaar het.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE